


Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 05 Desember 2021

VOTUM EN SEËNGROET::

Ek het die Here lief, want Hy verhoor
my smeekgebede.

²Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroep het.

³Bande van die dood het my omsluit,
doodsangs het my aangegryp,
ek het benou en bekommerned geword.

⁴Toe het ek die Naam van die Here aangeroep:
“Here, red my tog!”

⁵Die Here is genadig en regverdig,
ons God ontferm Hom oor ons.

⁶Die Here beskerm die hulpeloses:
ek was magteloos, maar Hy het my gered.

Genade en vrede vir julle

van God ons Vader en die Here Jesus Christus,
wat Homself vir ons sondes gegee het
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêrld en
so die wil van God ons Vader te volbring.

Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

SKRIFLEsing EN GEBED:

Tema: Van bloedvloeiing tot oorwinnaar

Teks: Markus 5:25-36



Ons lees dat God barmhartig, liefdevol, lojaal en betroubaar is. In Markus 5 lees ons hoe God deur Christus sy “compassion” en liefde aan ‘n jong vrou betoon wat ‘n uitgeworpene in die Joodse samelewing was.

Vandat sy as jong meisie begin menstrueer het, het sy ‘n kwaal van bloedvloeiing ontwikkel, wat reeds vir twaalf jaar geduur het. Vir hierdie jong meisie het dit catastrofiese implikasies gehad.

Volgens die Joodse Wet was sy onrein en mag sy aan niemand en niks raak nie. In Levitikus 15:19-28 lees ons die volgende bepalings oor menstruasie en bloedvloeiing:

- **Met ‘n normale menstruasie is ‘n vrou sewe dae onrein:**

Implikasies:

- i. **Enigiemand** wat aan haar raak, is die res van die dag onrein.
- ii. **Enigiets** waarop sy lê of sit gedurende die sewe dae, is onrein.
- iii. **Enige persoon** wat aan haar bed raak of aan iets waarop sy gesit het, moet sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.
- iv. **As iemand** aan iets raak wat op haar bed lê of aan iets waarop sy gesit het, is hy ook die res van die dag onrein.
- v. **Enige bed** waarop hy lê, is ook onrein.
- vi. As ‘n vrou ‘n bloedvloeiing het buite haar menstruasietyd of as die bloedvloeiing tydens menstruasie abnormaal lank aanhou, is sy onrein solank die bloedvloeiing duur.
- vii. Net soos met menstruasie is enige bed waarop sy lê of enigets waarop sy gedurende dié tyd sit, onrein.
- viii. Elkeen wat daaraan raak, is onrein. Hy moet sy klere was en hom bad en hy is die res van die dag onrein.



Twaalf jaar. Hierdie onbekende jong meisie het vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely en was vir hierdié hele tydperk onrein gewees. Sy was desperaat opsoek na hulp.

Massas. In Markus 5 lees ons dat Jesus oppad was na die huis van Jaïrus om sy dogter te genees. Die massas het Jesus gevolg en die onbekende jong vrou was deel van die skare in die hoop dat Jesus haar kan genees.

Klossies. In die gedrang het sy nader aan Jesus gekom en die klossies onder aan sy kleed gegryp, want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere (klossies) kan raak, sal ek gesond word. (Numerie 15:38-40) Die oomblik toe sy die klossies gryp, het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was.

Wie. Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: **“Wie het aan my klere geraak?”** Sy dissipels het Hom geantwoord: “U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?” Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het geskrik en gestaan en **bewe**, want sy het besef wat met haar gebeur het.

1. **Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel:**

- **Tyd.**

“Wie het aan my klere geraak?” Te midde van die gedrang van die skare en die haas om by Jaïrus se dogter uit te kom, maak Jesus tyd om na haar verhaal te luister.

- **Sy vertel van haar emosionele lyding onder die bepalings van die Wet.**

Sy was onrein: geen jongmeisie drome; mag nie trou; geen vorm van aanraking; mag nie in die tempel kom nie; het konstant met vrees en skuldgevoellens geleef;



- **Sy vertel van haar liggamlike lyding onder die behandeling van die dokters.**
Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.
- **Sy vertel van haar finansieële agteruitgang agt haar mediese koste.**
Sy het alles wat sy gehad het aan haar mediese uitgawes spandeer. Daar was niks meer oor nie, en nog steeds was sy nie gesond nie.

Jesus genees haar: Hy maak van haar 'n heel-mens!

- **Fisiese genesing.**
Daar het krag van Jesus uitgegaan en sy het onmiddellik gesond geword.
- **Emosionele genesing.**
Jesus het tyd gemaak om na haar verhaal te luister.
- **Nuwe identiteit.**
'n Vervloekte word nou "dogter" genoem.
- **Geloof in Christus.**
Nie die klossies van die kleed, dokters of rituele van priesters het jou gered nie, maar jou geloof in Christus.
- **Nuwe toekoms.**
Gaan in vrede: jy is vir goed genees van jou kwaal.

Die jong meisie se naam was Veronica (Berenikei), wat "oorwinnaar" beteken. In die geskiedenis lees ons weer van haar. Terwyl Jesus sy kruis gedra het oppad na Golgota toe, struikel en val Hy. Dan kom 'n vrou nader gehardloop om sy sweet en bloed af te vee en water te gee. Hierdie vrou was Veronica, die vrou wat deur Jesus van haar bloedvloeiing genees was.

AMEN!



SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.
³Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.
⁴Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela
⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.
⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooи.
Mag die Here alles gee wat u vra.

OFFERGawe:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za



Vandag se erediens is geborg deur:



The Growing Business



Anton du Plessis



anton@thegrowingbusiness.co.za

082 574 0543

THE GROWING BUSINESS

Alles wat jou tuin en
terrein nodig het!

www.thegrowingbusiness.co.za

